27 Januarie 2017

OMSENDBRIEF KASKARPRETDAG 2017

Geagte ouers/vriende/ondersteuner

- Ter stuiwing van ons skoolfonds beplan ons 'n groot fondsinsamelingsprojek in die eerste kwartaal nl. die gewilde kaskarpretdag.
- Ander fondsinsamelingsprojekte vir later in die jaar sal later aan u deurgegee word.
- Die kaskarwedren het verlede jaar groot pret aan ons leerders verskaf en in die proses 'n mooi bedrag van ± R130 000 geïn.
- Vanjaar se kaskarwedren word beplan vir **DONDERDAG 16 MAART 2017** vanaf **8:00 – 13:30** op die rugbyveld van die skool.

HOE WERK DIT?

Elke leerling ontvang 'n borgvorm waarmee hy/sy borgskappe verkry by ouers, vriende, familie, kollegas. (R en c per rondte) Elke leerling is deel van 'n groep (sy klas). Die groep stoot mekaar met die kaskarre deur die opgestelde baan teen 'n vasgestelde tyd. 'n Maksimum van 50 rondtes kan in die tyd ingepas word - die aantal rondtes van die groep geld vir elke lid. As u voel u wil nie borg nie, kan u slegs 'n donasie gee.

Indien u die klas kan borg met T-hempies, kan u die betrokke onderwyser/es skakel en met hom/haar daaroor praat.

DATUMS:

- 27 Januarie - Borgvorms gaan uit.
- 13 Maart - Borgvorms terug by voogonderwysers.
- 16 Maart - Wedren vind plaas.
- 17 Maart - Borgvorms terug na leerders om borggeld te gaan kollekteer.
- 30 Maart - Laaste dag om Borgvorms en geld in te handig by voogonderwysers. Let op!
- - **Donasies kan inbetaal word soos dit ontvang word.**

Ons leerders wil graag op die R 130 000 van laas jaar verbeter. Sal u hulle asseblief help om dit reg te kry !

- Baie dankie vir u ondersteuning.
- Ons glo ons gaan ons doelwitbedrag haal.
- Ons glo die leerders gaan op die kaskardag weer groot pret beleef.

Groete

PJ LE ROUX
SKOOLHOOF

E LOMBAARD
ORGANISEERDER

/eb

BORGVORM OP KEERSY !